## MNR. P. M. H. CALITZ (4.6.1916—16.12.1971)

Die beperkte geledere van ons geskiedenismense en 'n wye vriendekring moes onverwags verneem van die afsterwe van mnr. P. M. H. Calitz op Geloftedag verlede jaar. Dit is tekenend van sy toegewydheid aan sy volk en sy vak dat hy oorlede is terwyl hy as feesredenaar by die Geloftefeesviering op Somerset-Oos opgetree het.

Mnr. Piet Calitz het sonder ophou vir ons vak geywer. Veral in die geledere van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* sal sy heengaan 'n leemte laat. Hy was onder meer voorsitter van die Wes-Kaaplandse afdeling van die Genootskap, lid van die hoofbestuur van die Genootskap en redaksielid van *Historia*. Op 'n beskeie wyse het hy sy plek volgestaan besielend geywer vir ons vak en in die omgang 'n vriendelike woord vir iedereen gehad.



*Mnr. P. M. H. Calitz*

In 1937 verwerf hy die B.A.-graad met onderskeiding in Geskiedenis. Die daaropvolgende jaar voltooi hy die S.O.D.-kursus, ook aan die Universiteit van Stellenbosch. As senior Geskiedenis-onderwyser is hy hierna

etlike jare verbonde aan sommige van die bekendste hoërskole in Wes-Kaapland, o.m. Hoërskool Bellville (1939-1946) en Hoërskool Jan van Riebeeck (1948-1963). Hy tree ook op as deeltydse lektor in Geskiedenis aan die Tegniese Kollege in Kaapstad. Bekend in Kaapse onderwyskringe as een van die suksesvolste Geskiedenis-onderwysers, is hy ook jarelank eksaminator vir die Senior Sertifikaat-eksamen.

Behalwe sy werk as opvoeder, het mnr. Calitz ook oral 'n leidende aandeel in die kultuurlewe geneem. Hy was bestuurslid van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie, jarelank kerkraadslid en voorsitter van die Skakelkomitee van die F.A.K. in Stellenbosch, waar hy hom veral beywer het vir die opbou van die plaaslike museum. Daarby was hy rugby-afrigter van naam en het hy jarelank opgetree as voorsitter van die W.P.-rugbyskeidsregtersvereniging. Hy het in drie toetswedstryde en talle inter-provinsiale botsings as skeidsregter opgetree.

Tussen al hierdie bedrywighede op wydgeskakeerde terreine het hy nog tyd gevind om sy studie voort te sit. In 1959 behaal hy die M.A.-graad in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Vanaf 1965 was hy dosent in Geskiedenis aan sy Alma Mater. Ten tye van sy dood het hy reeds die grootste gedeelte voltooi gehad van sy doktorale navorsing oor *Die Molteno-Administrasie in die Kaapkolonie (1872-1878).*

Sy studente en kollegas sal hom onthou as 'n besielde liefhebber van ons vaderlandse geskiedenis. Entoesiasme en vriendelikheid is die twee kernindrukke wat hy op ons nagelaat het.

Die *Historiese Genootskap* wil langs hierdie weg sy nagedagtenis huldig en sy meegevoel met mev. Calitz en haar dogter betuig. —

*Van die Redaksie.*

## REGSTELLING

Tot ons spyt het daar 'n drukfout ingesluip in die regstelling van prof. W. Ph. Coolhaas op die artikel van D. W. van der Merwe oor *Geskiedenis in Oos-Duitsland* (sien *Historia* 16e jrg. nr. 4, p. 260). Die betrokke sin moet soos volg lees: „Zij (d.w.s. Hans Scholl en sy suster Sophie) waren goed - katholieke studenten te München, die de kern vormden van de organisatie Weisze Rose, welke de studenten opriep tegen de afschuwelijke leer van Hitler."